Wes-Kaapse Regering

Onderwys

Verwysing: 20210723-4563
Lêerno.: 12/2/3
Navrae: H Smuts

Kurrikulum VOO-minuut: 0006/2021

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure, Hoofonderwyskundiges, Hoofde: Kurrikulumondersteuning, Hoofde: Bestuur en Beheer, Kringbestuurders, Adjunk-hoofonderwyskundiges, Assesserings- en eksamenkoördineerders, Vakadviseurs vir Musiek en Prinsipale van skole wat graad 10 tot 12 aanbied.

**Onderwerp: Formaat van graad 12 se finale Praktiese Assessering (Vraestel 3) vir Musiek**

1. Graad 12 se finale praktiese assessering (Vraestel 3) vir Musiek sal voortgaan om 'n opgeneemde eksamen te wees in ooreenstemming met die formaat wat in 2020 bekendgestel is.

2. Om die standaardisering, integriteit en logistieke vereistes van hierdie praktiese assessering te verbeter, sal die assessering vanaf 2021 **as drie verskillende afdelings opgeneem word**. Hierdie minuut lig skole dus in oor die veranderings aan die formaat van die praktiese assessering.

3. Die volgende drie afdelings sal as afsonderlike video-opnames ingedien word:
**Afdeling A: Bladlees en Gehoor**
**Afdeling B: Tegniese werk** *(wat Studie insluit)* **en solovoordrag**
**Afdeling C: Ensemblewerk**

4. Die bladlees- en gehoorassesserings sal deur die Wes-Kaap Onderwysdepartement as 'n PDF-dokument met 'n beskermende wagwoord verskaf word. Musiekopvoeders hoef dus nie meer hulle eie bladlees- en gehoormateriaal voor te berei as deel van graad 12 se finale praktiese assessering nie.

5. Die datums vir die afhandeling van die **bladlees- en gehoorassesserings** is **Woensdag, 25 en Donderdag, 26 Augustus 2021**. Enige afwykings van hierdie datums sal as 'n ernstige ongerymdheid beskou word.

6. Die PDF-dokument wat die assesserings bevat, sal aan alle skole op Maandag, 23 Augustus 2021 per e-pos aan skole gestuur word. Die wagwoord sal teen 14:00 op

Dinsdag, 24 Augustus 2021 gegee word om te verseker dat 'n afskrif van die toepaslike assesserings by die skool uitgedruk kan word.

7. Die opnames van elke leerder se bladlees- en gehoorassesseringsvideo moet teen **17:00 op Vrydag, 27 Augustus 2021** op die eksamenplatform oorgeplaas word.

8. Die oorblywende praktiese assesserings (Afdelings B en C) moet tussen 16 Augustus 2021 and 15 Oktober 2021 afgehandel wees. Skole word daaraan herinner dat hierdie praktiese assesserings (Afdelings B en C) **slegs uitgevoer mag word nadat die praktiese proefeksamen afgehandel is**. Die proef- en finale praktiese eksamen mag nie as een gesamentlike sessie saamgevoeg word nie.

9. Alle Musiekopvoeders sal amptelike kennisgewing en opleiding oor die oplaai van die afgehandelde video-opnames ontvang.

10. Prinsipale word vriendelik versoek om die nodige reëlings vir die uitvoering van hierdie assessering te tref.

11. Bring asseblief die inhoud van hierdie minuut onder die aandag van alle graad 12-Musiekopvoeders en -leerders.

**GETEKEN:** H MAHOMED
**WAARNEMENDE ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBESTUUR**
**DATUM:** 2021-07-29